# KLIPKERK LICHTENBURG

## *Wêreldfokus Nuusbrief*

### *Julie / Augustus 2025*





# ***Bid asb saam …***

***Volhard asb saam in gebed vir Marlee Volschenk. Sy is steeds onder behandeling vir leukemia.***

***Vanaf 22 Augustus ondergaan Marlee intensiewe toetse en daarna ingrypende behandeling as voorbereiding vir die Stam Sel oorplanting wat DV 3 September 2025 sal plaasvind.***

***Dra Marlee, `Dries en die kinders in julle gebede in hierdie dae.***

Kontak Ds `Dries en Marlee Volschenk as jy hulle wil bemoedig en/of nuusbrief wil ontvang:

driesmar3@gmail.com


+27 66 371 4494( Dries)
+27 76 828 8790 (Marlee)

Baie dankie vir elke boodskap,
oproep, gebed of besoek.
Ons waardeer dit oneindig baie.

Saam in Sy diens,
'Dries en Marlee

# *Makhua Shirima Bybelbediening 1998 — 2025 ~>*

***Dr Gerard en Vanessa Olivier***




## DIE MAKHUA-BOEKRAK & LITERATUUR EN OUDIO TABEL

Ons het lank gedink oor hoe om die volgende paar jaar se werk visueel uit te beeld… en ons dink hierdie twee foto's sê dit die beste!

Die **Makhua-boekrak** gee vir jou 'n goeie oorsig van die kategorieë waaraan ons werk — van Bybel-opleidingsmateriaal tot hulpbronne vir taalontwikkeling en radio-/klank bediening.

Die **Literatuur en oudio tabel** gee meer besonderhede: boeke se name; oudio inhoud, ens. wat óf voltooi is, óf tans in proses is, óf nog beplan word. Hopelik help dit julle bietjie om die meer voller prentjie te sien!

**MAKHUA AUDIO AND LITERATURE DEVELOPMENT TABLE**

| ITEM | Planning | In proses | Continuous | To Portuguese | To Makhua | Print Prepare | Printed | Shipped | Distributed/ Finish |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BIBLE TRAINING MATERIAL IN MAKHUA (BTMM)** | | | | | | | | | |
| BOOK 1 – BIBLE AND PREACHING | | | | | | | | | |
| BOOK 2 – WHO IS GOD? | | | | | | | | | |
| BOOK 3 – JESUS AND SALVATION | | | | | | | | | |
| BOOK 4 – DISCIPLESHIP | | | | | | | | | |
| BOOK 5 – THE CHURCH | | | | | | | | | |
| BOOK 6 – A PRESENTER'S GUIDE TO BOOKS 1 – 5 | | | | | | | | | |
| BOOK 7 – INTRODUCTIONS TO THE BIBLE BOOKS | | | | | | | | | |
| BOOK 8 – MATERIAL FOR TRAINING PRESENTERS | | | | | | | | | |
| **BIBLE RESOURCES IN MAKHUA (BRM)** | | | | | | | | | |
| BOOK 1 –DICTIONARY OF BIBLE TERMINOLOGY | | | | | | | | | |
| BOOK 2 – 100 VERSES POCKET-SIZED BOOK | | | | | | | | | |
| BOOK 3 –FAITHFUL IN A GODLESS CITY: DANIEL | | | | | | | | | |
| BOOK 4 – MARRIAGE AND FAMILY | | | | | | | | | |
| BOOK 5 – PSALM 23 – THE LORD IS MY SHEPHERD | | | | | | | | | |
| BOOK 6 – GOD, IDOLS AND FOREFATHERS | | | | | | | | | |
| BOOK 7 – YOU WILL BE MY WITNESSES | | | | | | | | | |
| BOOK 8 – TRUE DISCIPLES OF JESUS | | | | | | | | | |
| BOOK 9 – THE CROSS OF JESUS | | | | | | | | | |
| BOOK 10 – THE PARABLE OF TWO LOST SONS | | | | | | | | | |
| BOOK 11 – THE BIBLE: GOD'S ETERNAL WORD | | | | | | | | | |
| **RESOURCES FOR THE MAKHUA LANGUAGE (RML)** | | | | | | | | | |
| BOOK 1 – MAKHUA-PORTUGUESE DICTIONARY | | | | | | | | | |
| BOOK 2 – A BASIC MAKHUA GRAMMAR | | | | | | | | | |
| BOOK 3 – MOTHER TONGUE TRANSLATION COURSE | | | | | | | | | |
| **DEVELOPMENT OF MAKHUA AUDIO RESOURCES (MAR)** | | | | | | | | | |
| MAKHUA BIBLE IN AUDIO | | | | | | | | | |
| BIBLE TRAINING MATERIAL FOR AUDIO AND RADIO | | | | | | | | | |
| SHORT SERMONS FOR RADIO | | | | | | | | | |
| CHILDREN'S BIBLE READINGS FOR AUDIO AND RADIO | | | | | | | | | |

## SEWE BOEKE VARS VAN DIE DRUKKER!



Die **boonste rak** van die boekrak gaan alles oor **Bybel-opleidingsmateriaal in Makhua** — en ons is BAIE OPGEWONDE om te sê dat **sewe van hierdie boeke pas van die drukker van Kaapstad aangekom het!**

As dit die Here se wil is, sal ons dit saam met Frits en Nickey begin September na Niassa stuur. Baie dankie dat julle saam bid vir hierdie kosbare materiaal!

## OPLEIDINGSKURSUS VIR AANBIEDERS

Ons moes die **Opleidingskursus vir Aanbieders** uitstel tot aan die einde van September weens logistieke redes. Maar die wonderlike nuus is dat hierdie groep die **eerstes sal wees wat die nuwe boeke gebruik** tydens die opleiding!

Ek het met 'n paar van die uitgenooides gesels — en hulle is regtig opgewonde! Bid asseblief saam dat hulle harte voorbereid sal wees. Hierdie opleiding gaan daaroor om **gelowiges toe te rus** om die **onbereikte Makhuas in landelike Niassa** met evangelie-gefokusde materiaal te bereik.

*- vervolg op volgende bladsy*

# *Makhua Shirima Bybelbediening*

***- vervolg***

**DIE MAKHUA AUDIO BYBEL — BYNA KLAAR!**

Die opname-ateljee het geskuif van Xai-Xai na **Chimoio**, 'n sentrale stad in Mosambiek. Weens die skuif kon Domingos en Jeremias nie in Julie gaan opneem nie, maar hulle is nou geskeduleer om **in die tweede helfte van Oktober** te gaan.

Chad — 'n Amerikaanse sendeling wat hierdie opname bediening lei — het gesê dat dit heel moontlik is dat die **Ou Testament in Oktober voltooi sal wees**. Dit beteken ons sal uiteindelik oor die **VOLLEDIGE MAKHUA-BYBEL in oudio formaat** beskik! Prys die Here!

**BID ASSEBLIEF SAAM:**

Wil julle asseblief saam met ons bid vir die volgende:

- Dat die **gelowiges in Muapula** sal aanhou om sterk in hulle geloof te groei.
- Vir die studente wat voorberei vir die **Aanbieders-opleiding** — mag God hulle harte voorberei.
- Vir **wysheid en leiding** terwyl ons aanhou om **nuwe boeke** in Makhua te vertaal.
- Vir die **verspreiding van die Makhua Bybel** en vir dié wat dit **preek en onderrig**.

Dat God sal **beskerm, lei en voorsien** in alles wat nodig is om die "**Boekrak-projek"** — met al sy sendingmoontlikhede — werklikheid te maak.

Baie dankie vir julle gebede, aanmoediging en vriendskap. Ons is so dankbaar om saam met julle te werk aan wat God onder die Makhua-volk doen!

**Met liefde in Jesus,**
**Gerard & Vanessa**

emi



# STAY & PRAY PERU

**If you are interested in joining our virtual prayer outreach to Peru, please contact Hymne Scholtz at (+27) 71 220 5368**



**25 Aug - 9 Sept**

As part of the For Freedom initiative, Ethnos Movement International is sending an outreach team to Peru. They will visit our team in Ayacucho, serve the elderly, and support a church plant in San Melchor. Their trip will conclude with a climb up Machu Picchu to raise awareness and funds for nine other Ethnos projects supporting the marginalized and vulnerable worldwide.

***Laat weet my asb as enige iemand wil saam bid... of volg die aanwysings op die poster. Ons vertrek Dinsdag. Die groepie sal elke oggend tussen 7 en 7:30 saambid. - Suria***

FOR FREEDOM

# *It's time for the Youth in South Africa*

### *Sarah Innes*

**July has been a time of multiple Worship Nights, youth events, conferences, and a wild two-week tour to reach the Schools.**

The month started with a tour we planned and led with our DTS (Discipleship Training School) teams. I had the privilege to co-lead with one of our staff, Wimpie Jansen Van Rensburg, in Potch, Pretoria, Klerksdorp, and the surrounding areas. We visited multiple homes to share the Gospel and activate the everyday believer. We also had the privilege of partnering with different churches in hosting worship nights, evangelizing, and ministering to people.

One of the weeks in July, I hosted an Acts 29 Training week - a week of teaching and training youth leaders, university students, and some of our staff on the model of movement we see throughout the book of Acts. We do a deep dive into the book of Acts and learn about the establishment of the Kingdom of God through building the ecclesia. Some of the students said it changed their lives.

**Pretoria High School Worship Night**

A youth camp in Pretoria invited us to lead a worship night with them. We hosted a panel discussion about life in missions and how God calls us to go & multiple of them responded to recommit their lives to Jesus, as well as saying yes to reaching their High Schools

**Prayer never ceases.**



The image on the left is of a time in our prayer sets. We start each morning with 1 hour and 30 minutes of prayer - I wouldn't start any other way.

Multiple times, we would pray for a topic or event, and prayers would be answered with in a few days. Prayer works!!

**Witbank Tour 2025**

July has been a time of multiple Worship Nights, youth events, conferences, and a wild two-week tour in Witbank to reach the Schools.

I helped organise and lead this tour along with a lady who works at one of the local churches. We partnered with 9 other local churches and one House of Prayer organisation. There were 80+ volunteers throughout the two-week outreach, where our team of 22 people could help train and teach the volunteers how to do ministry. We divided into four groups to be able to reach 31 schools in 9 days.

**God moved as we went to multiple schools to preach the Gospel. From the grade 1's to the grade 12's, we saw how God came and met with the youth. Many gave their lives to Jesus, got freedom from a lot of addiction, and suicidal thoughts.**

**I was surprised to see how many teenagers struggle with suicidal thoughts, but there was no surprise to see how the Gospel is enough to save.**

# *Midde-Ooste Bediening*

### *Aretha Prinsloo*

'n Baie geseënde besoek aan 'n land in die Midde-Ooste het pas geëindig. Dit was 'n kosbare tyd saam met mede-gelowiges.

Dit bly 'n voorreg om deel te wees van God se werk in die wêreld en die goue draad van God se ingrype in verskillende beskawings te beleef.

Kom, beleef saam met ons die VERGETE LAND VAN DIE BYBEL.

*Vir meer besonderhede, kontak Aretha*

# *Toeka se dae Sending brokkies*

**Die ryke sending geskiedenis van Klipkerk het reeds in die vroeë bestaansjare van die gemeente sy beslag gekry.**

Uit notules gehou deur Ds H.J.L. du Toit blyk dit dat daar vanaf 31 Okt 1898 ‘n evangelis, Petrus in die gemeente werksaam was. En ‘n “sendingkerk” is gebou. (*Onseker na watter kerk verwys word, moontlik die kerk op Manana.*)

Eerwaarde Roode, die plaaslike sendeling, word in April 1914 deur die pasgestigde Mannesendingbond as eerste sendeling na Portugees-Angoniland afgevaardig. Die gemeente het die onkoste verbonde aan die stigting van die sendingstasie en die oprig van die geboue gedra.

In 1916 rapporteer die Sinodale Sendingkommissie dat Lichtenburg Klipkerk die eerste gemeente in Transvaal was om ‘n eie sendeling in die buiteland te hê en die kerk se bydrae per lid eerste gestaan het op die lys van Transvaalse gemeentes.


Hierdie gesindheid het deur die jare bly voortbestaan. En in Ds S.T. Potgieter se tyd (1945-1957) berig hy dat Lichtenburg se Ring die afgelope jare steeds bo-aan staan op die lys van sending-bydraes.

Die “diggings”-jare het sy eie uitdagings gebring. In Julie 1926 het die groot volks-verskuiwing begin. Alle paaie het deur die dorp na die Klipveld gegaan. “So groot was die gedruis, ook op ‘n Sondag-oggend, dat ons die dorpsraad moes vra om wagte by die dorps-hekke te plaas, om die instromende voertuie van allerlei aard en almal in een of ander gehawende toestand, voor te keer tydens die tye wat dienste gehou word.” (*Aanhaling uit vertelling deur Ds P du Toit, 1920-1930*)

Op daardie stadium het die Klipveld-wyk van die gemeente uit sowat agt huisgesinne bestaan en binne ses maande was die bevolking daar om en by die honderdduisend. ‘n Nuwe en groot arbeidsveld is by die gemeente bygevoeg.

**Aan God al die eer vir die wyse waarop Hy oor 140 jaar steeds Sy lig laat skyn uit Moedergemeente. Soli Deo Gloria!**

*Bron: N.G.Moedergemeente 1885-1960 Jubileumblad*



*Take it on your knees*

***On one occasion, Jonathan Goforth, a missionary with the China Inland Mission, approached Hudson Taylor, a well-known missionary, to discuss the challenges of working in the province of Henan and the numerous obstacles he had faced. Hudson Taylor replied, "If you want to take Henan, you will have to take it on your knees." Goforth returned, did exactly that, and experienced extraordinary breakthroughs. Today, Henan is one of the provinces with the largest percentage of Christians.***

***Bron: Bennie Mostert***